# LAERSKOOL SAAMSPAN NUUSBRIEF

happy valentine's day

## WEEKLIKSE BEPLANNING

| DATUM | ALGEMEEN | SPORT |
|---|---|---|
| 06 FEB DONDERDAG | Grondslagfase RO Gr 1 & 2 (07:00 - 07:30)<br>Gr 3 (06:50 - 07:20) Afrikaans | Atletiek oefening (13h45 - 15h00)<br>Rugby oefening |
| 07 FEB VRYDAG | GEWONE KLERE | KLEUTERSKOOL ATLETIEK |
| 08 FEB SATERDAG | | |
| 10 FEB MAANDAG | VALENTYNSVERKOPE BEGIN | Atletiek oefening (13h45 - 15h00)<br>Rugby oefening |
| 11 FEB DINSDAG | SKOOL IS GESLUIT<br>DAAR SAL TOESIG WEES BY DIE SKOOL TOT 13:30 | SUB CLUSTER ATLETIEK BY HOËRSKOOL TUINE |
| 12 FEB WOENSDAG | Seniors RO Wiskunde (06:45 - 07:20)<br>VALENTYNSVERKOPE | Rugby oefening<br>Netbal oefening<br>0/7 - 0/9 (13:45 - 14:30)<br>0/10 - 0/13 (13:45 - 15:00)<br>SUB CLUSTER ATLETIEK MIDDAG BYEENKOMS |

SKANDEER DIE KODE VIR ONS WEBTUISTE

# ALGEMENE INLIGTING

## VRYSTELLINGSVORMS

Vrystellingsvorms is beskikbaar in die finansiële kantoor. Slegs ouers mag finansiële dokumente kom afhaal. Geen dokumente sal aan leerders gegee word nie.

## AKTIWITEITSHEMPIES & KLEREVERSKAFFERS

Tannie Elanda hanteer nie meer die bestel en aankoop van aktiwiteitshempies nie. Enige bestellings van hempies kan deur 072 806 7398 gedoen word.




### AKTIWITEIT EN ATLETIEK HEMPIES IS BESKIKBAAR IN DIE WINKEL.

**SAAMSPAN "DRI-MAC" IS OOK BESKIKBAAR**

**Vanaf 1 September 2025 sal geen blou gholfhemde meer gebruik of aanvaar word nie.**

Die nuwe blou hempies kan ook aangekoop word by JET, PEP, Ackermans en Woolworths. Maak asseblief seker as u die hemp by PEP koop dat dit die **"Primary school"** een is. Die **"Highschool"** hemp is nie die regte kleur nie!!



## AKTIWITEITSKLERE

Op Dinsdae mag leerders aktiwiteitsklere aantrek.
Die reëls is as volg:

1. Slegs 'n demin of navy kortbroek mag gedra word. Die atletiek kortbroek wat by die verskaffers beskikbaar is mag ook gedra word.
2. GEEN plakkies! Slegs kaalvoet of netjiese tekkies mag gedra word.
3. Geen geskeurde denim of "ski-pants" mag gedra word nie.
4. 'n Waarskuwing sal gegee word vir verkeerde drag en daarna sal die leerder begin inskrywings kry.

## VOEDINGSKEMA DONASIES

Enige skenking aan die voedingskema sal baie waardeer word. Kom ons staan saam en help mekaar.

**WORSIES KAAS POLONIE BOTTER**



# BELANGRIKE DATUMS VIR DIE KWARTAAL

## FEBRUARIE

- 7 Februarie - Kleuterskool atletiek
- 10 Februarie - Bulletjie Rugby inligtingsaand by Loftus
- 11 Februarie - Sub Cluster Middag byeenkoms. Valentynsverkope
- 12 Februarie - Sub Cluster Byeenkoms. Valentynsverkope
- 13 Februarie - Valentynsverkope
- 14 Februarie - Valentynsverkope
- 17 Februarie - Individuele foto's (Boetie en Sussie). Cluster Byeenkoms Middag
- 18 Februarie - Cluster Byeenkoms
- 19 Februarie - Grondslagfase Oueraand
- 20 Februarie - Rugby en Netbal teen Boerefort Tuis (Vriendskaplik)
- 21 Februarie - Rugby Champs 0/9
- 22 Februarie - Rugby PTA Noord 0/13 (Weg)
- 24 Februarie - Distrik byeenkoms
- 25 Februarie - Distrik byeenkoms
- 28 Februarie - Rugby en Netbal Sokkie. Rugby Champs 0/10

## MAART

- 5 Maart - Gr 1 & 2 Koekverkoping
- 7 Maart - Netbaltoer (7 tot 9 Maart) Rugby Champs 0/11
- 13 Maart - Rugby en Netal teen Tuinrand Tuis (Vriendskaplik)
- 15 Maart - Pretloop. Bloubul dag Visserhoek
- 18 Maart - Rugby en Netbal teen Bergsig Weg (Vriendskaplik)
- 20 Maart - Kaalvoet Klonkie. 0/9 Rugby Kliniek
- 21 Maart - Menseregtedag
- 25 Maart - Jubaweni Rugby toer 0/10 (25 tot 27 Maart)
- 26 Maart - Rapporte Uit
- 27 Maart - Oueraand. Sportweni 0/13 Rugby & Netbal toer (27 Maart tot 1 April)
- 28 Maart - **SKOOL SLUIT!**

**VERVOER GELEENTHEID**
411 West Straat,
Pretoria-Noord
Indien daar enige ouer is wat kan help met 'n saamry geleentheid, kontak asb. vir Juffrou Gretchen



# NUUS VANAF DIE GRONDSLAGFASE

## TOESKOUER OF DEELNEMER?

Ons ken almal so 'n persoon, iemand wat altyd kommentaar lewer en net alles sien wat negatief is.

**Hoe kan ons n beter verhouding met ons gemeenskap, ouers en personeel bevorder?**

1. Kommunikeer
2. Vra as u nie weet nie. Alles maak nie altyd sin nie, maar daar is redes vir alles en verandering is die enigste konstante in ons lewens.
3. Stel uself beskikbaar. Tyd kos nie geld nie. Net uself om met iets te help. Steek 'n hand uit na u kind se juffrou en vra waarmee kan ek help?
4. Soos ons almal oorweldig kan word met werkslading kan u kind se juffrou ook oorweldig raak.
   'n "Dankie" af en toe word altyd baie waardeer.
5. Ons maak ook foute, kan iets vergeet en laat glip. Moenie aanval nie. Hanteer dit soos 'n opgevoede mens en vra. As ons verkeerd is, vra ons verskoning en probeer volgende keer beter doen. Dit is mos die voorbeeld wat ons kinders moet sien.
6. U kan hulp aanbied met dinge soos boeke oortrek, hulp met ons leesdae, projekte, iets spesiaal te help maak waaraan die klas 'n behoefte het, gordyne was van die badkamers, objekte stuur vir die tematafel van die week. Die lys is baie lank....
7. Dalk het u 'n talent waarvan ons almal die voordeel kan geniet...Dit gaan net van u tyd kos.

KOM ONS VAT HANDE EN WEES ALMAL DEELNEMERS BY DIE GRONDSLAGFASE.

MAG U PÊRELS DIE WEEK OP LIEFLIKE PLEKKE VAL.

# NUUS VANAF DIE SENIORS

## BELANGRIKE INLIGTING

## Graad 4 tot Graad 7 huiswerk

U kind moet verantwoordelikheid neem om huiswerk af te skryf.
As klaswerk voltooi is gee ons nie altyd huiswerk nie.
**MOET ASSEBLIEF NIE ELKE DAG ONS ONDERWYSERS WHATSAPP EN VRA OF DAAR HUISWERK IS NIE.**
Kontrolleer huiswerkboekies vir die dag se huiswerk.

## Reaksies op boodskappe

Ons doen 'n groot beroep om asb. nie op WhatsApp boodskappe te reageer met emojis nie. 👍🙏❤️

## Kontrole van skrifte en toetse

Elke naweek moet al u kind se boeke agter in die skrif op die kontroleblad geteken word sowel as Afrikaans, Engels en Wiskunde toetse. Gaan u kind se skrif na en weet wat hy/sy doen. Kinders ontvang negatiewe inskrywings as dit nie geteken word nie.

## Afwesigheide en inhaal

Dis die skool se beleid dat leerders wat afwesig is dieselfde dag by 'n maat die dag se werk moet kry en inhaal. Moet asb. nie die onderwysers WhatsApp vir die werk nie. **BEPERK ASB. AFWESIGHEDE.**

## Assesserings en toetse

Ons assessering het reeds begin. Somige vakke het reeds hul take ontvang. Hier volg belangrike datums. Beplan asb. sodat u kind se taak betyds ingehandig word.

# TAKE EN ASSESSERING KWARTAAL 1

Die volgende datums vir take en assesserings word by die huis gedoen en moet op hierdie datum ingehandig word.

- Die Afrikaans en Engelse lees moet leerders voorberei by die huis en die lees oefen. Take is in leerders se boeke geplak.
- Wiskunde taak: Leerders ontvang 'n afbakening 'n week voor die tyd en daarvoor moet geleer word.

| GRAAD 4 | GRAAD 5 | GRAAD 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|---|
| **Afrikaans en Engels**<br>Lees assessering:<br>**10-14 Februarie** | **Afrikaans en Engels**<br>Lees assessering:<br>**10-14 Februarie** | **Afrikaans en Engels**<br>Lees assessering:<br>**10-14 Februarie** | **Afrikaans en Engels**<br>Lees assessering:<br>**10-14 Februarie** |
| **Geskiedenis taak**<br>Datum inhandig:<br>13 Februarie | | | |
| **PSW taak**<br>Datum inhandig:<br>**18 Februarie** | **PSW taak**<br>Datum inhandig:<br>**18 Februarie** | **PSW taak**<br>Datum inhandig:<br>**18 Februarie** | **LO taak**<br>Datum inhandig:<br>**10 Februarie** |
| **NW taak**<br>Datum inhandig:<br>**19 Februarie** | **NW taak**<br>Datum inhandig:<br>**19 Februarie** | **NW taak**<br>Datum inhandig:<br>**19 Februarie** | **NW taak**<br>Datum inhandig:<br>**19 Februarie** |
| | | | **Kuns:**<br>Datum inhandig:<br>**10 Februarie** |
| | | | **EBW:**<br>Datum inhandig:<br>**24 Februarie** |
| | **Wiskunde taak:**<br>**13 Februarie** | **Wiskunde taak:**<br>**13 Februarie** | **Wiskunde taak:**<br>**13 Februarie** |
| | | | **Tegnologie:**<br>Datum inhandig:<br>**6 Maart** |

# TOETSROOSTER KWARTAAL 1:

Leerders ontvang 'n week voor die datum wat die vak geskryf word 'n afbakening.

| DATUM | GRAAD 4 | GRAAD 5 | GRAAD 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|---|---|
| 20 Februarie | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans |
| 25 Februarie | Engels | Engels | Engels | Engels |
| 27 Februarie | Nw en Teg | Nw en Teg | Nw en Teg | Nw en Teg |
| 4 Maart | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde |
| 6 Maart | | Geskiedenis | Geskiedenis | Geskiedenis |
| 11 Maart | Geografie | Geografie | Geografie | EBW Kuns |
| 13 Maart | | | | |

# PERMANENTE INLIGTING

**MAAK SEKER OOR DIE VOLGENDE:**

- Daar moet ten minste een ouer op die whatsapp groep wees per voogklas. Nuwe ouers moet laat weet as hulle nie op die groep is nie.
- Op Dinsdae dra die leerders hul aktiwiteitshemde met 'n blou broek en tekkies. **Geen swart broeke en plakkies nie.** Let asseblief op na die lengte van die broeke.
- As u kind afwesig is: moet hy of sy die dag se werk by 'n maatjie kry en dit reeds by die huis inhaal. Geen inhaal werk sal afgerol word nie.

## KONTAKBESONDERHEDE

**finansies@samies.co.za**
Enige kwessies rakende skool finansies.

**hoof@samies.co.za**
Enige kwessies wat u onder die hoof se aandag wil bring

**admin@samies.co.za**
Hierdie e-pos word gebruik vir enige navrae en inligting rondom leerders en as u 'n afspraak wil reël met die hoof.

**adjunkhoof@samies.co.za**
Hierdie e-pos dien as 'n kommunikasie kanaal tov navrae oor die gedragstelsel, dissipline kwessies en aanmelding van moontlike boeliegedrag.

**media@samies.co.za**
Facebook, webtuiste, nuusbrief, lunchkaart navrae.

**bezuidenhout.juan@yahoo.com**
Beheerliggaamvoorsitter

**012 379 9019**

**www.samies.co.za**

**SKOOL BANKBESONDERHEDE**

ABSA
TAKNAAM: HERCULES
TAKKODE: 334245
REKENINGNOMMER: 80490046
VERWYSING: FAMILIEKODE (SKOOLFONDS)

# VERSOEKE

**WHATSAPP GROEPE & KOMMUNIKASIE KANALE:**
Volg asb. die prosedure vir kommunikasie met onderwysers wat op die Whatsappgroepe deurgegee is. Ons doen ook 'n GROOT beroep op u dat geen kind van die kind se nommer, of ouer se nommer af 'n onderwyser mag whatsapp nie. Indien dit gebeur sal die kind geblok word. Tye om met die onderwysers te kommunikeer is tussen 14:00 en 17:00. Onderwysers kan ongelukkig nie voor 14:00 reageer nie a.g.v onderrigtyd.

**MERK VAN KLERE, KOSBLIKKE, SKRYFBEHOEFTES EN TASSE:**
Merk asseblief u kind se besittings so duidelik as moontlik. Kom vra asseblief by die kantoor as u kind iets verloor het. Daar is baie verlore klere by die skool.

**KONTAK BESONDERHEDE:**
Maak seker dat u gegewens soos telefoon / selfoonnommers, epos adresse en ander inligting by die kantoor op datum is. Baie ouers ontvang nie belangrike inligting, werk of rapporte a.g.v verkeerde en verouderde selfoonnommers en e-pos adresse.

**SKRYFBEHOEFTES:**
Dis 'n nuwe jaar en 'n nuwe begin. Alle leerders moet nou die regte skryfbehoeftes hê. Ons kan nie suksesvolle leer in die klas toepas as leerders nie die nodige skryfbehoeftes het nie.

**KLEREBANK:**
Indien daar enige ouer is wat klere vir die klerebank kan skenk, sal die skool dit opreg waardeer. Enige skenking is welkom.

**KOPLUISE:**
Die skool vra dat ouers asseblief hul kinders se koppe weekliks sal deurgaan vir luise of neute. Leerders wat luise het se ouers gaan 'n brief ontvang om u kind se hare by die huis te behandel. As u nalaat om dit te doen gaan u, u kind ongelukkig tuis moet hou tot u kind se hare skoon is.

# DIKHOLOLO



<u>Tydperk:</u> 4 April – 11 April 2025

(Kudu kamp: Direk langs die hoofkompleks en Putt-Putt baan)

4 bed (Ateljee) Modern opgegradeer

<u>Prys:</u> R 11 800-00 (7 nagte)

<u>Kontak:</u> Marius van Niekerk: 079 876 7169







# MR ALIGN

## MOBILE TRUCK WHEEL ALIGNMENT

## WE COME TO YOU!

**ABOUT US**

Wheel Alignment on all trucks, trailers and busses since 1992.

**Prices:**

- Front axle alignment ........... R600 per axle
- Drive axle alignment ........... on quotation
- Trailer axle alignment ........... R350 per axle

**Please contact us for bookings and more info.**

**DIRK - 066 207 3905**

**ANTOVAN - 067 795 4871**

**mralign@gmail.com**